Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Direktoraat: Inrigtingshulpbrononderstеuning
Leer- en onderrigondersteuningsmateriaal (LOOM)

Verwysing: 20190911-9092
Lêerno.: 12/2/13/6
Navrae: A Henriques

Inrigtingshulpbrononderstеuningsminuut: 0009/2019

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame by alle nie-artikel 21 gewone openbare skole

Onderwerp: Jaar drie pryslyste vir skryfbehoeftes (B/WCED 2381/16-kontrak) en skoonmaakmiddels, tuin- en elektriese voorraad (B/WCED 2382/16-kontrak) vir die tydperk 01 Oktober 2019 tot 30 September 2020

1. Nie-artikel 21 skole is in paragraaf 4 van Inrigtingshulpbrononderstеuningsminuut 0009/2018, gedateer 10 September 2018, in kennis gestel dat die pryslyste vir jaar twee op 30 September 2019 sal verval.

2. Skole word nou van die nuwe pryslyste rakende die huidige kontrakte vir die voorsiening en aflewering van skryfbehoeftes en skoonmaakmiddels, tuin- en elektriese voorraad voorsien wat deur die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) behartig word.

3. Die aangehegte pryslyste vir jaar drie sal vanaf 01 Oktober 2019 tot 30 September 2020 van krag wees. Skole moet toesien dat hulle die pryslyste volgens hul distrik gebruik.

4. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle tersaaklike amptenare.

GETEKEN: L McGLENATENDOLF
WAARNEMENEDE ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING
DATUM: 2019-09-13

Laer Parlementstraat, Kaapstad, 8001
Tel.: +27 21 467 2767 Faks.: 086 2415 424
Veilige Skole: 0800 45 46 47

Privaatsak X9114, Kaapstad, 8000
Indiensnemings- en salarisnavrae: 0861 92 33 22
www.westerncape.gov.za